## KENNISGEWING VAN AANSOEK OM OMGEWINGSMAGTIGING EN 'N ATMOSFERIESE EMISSIE-LISENSIE

**VOORGESTELDE KRAG PROJEK IN DIE HAWE VAN SALDANHA, MUNISIPALITEIT SALDANHABAAI, WESKUSDISTRIK IN DIE WES-KAAP.**

Hiermee word kennis gegee ingevolge Regulasie 41 van die Regulasies vir die Omgewingsimpakbeoordeling (OIB), 2014 gepubliseer in Goewermentskennisgewing R982 (soos gewysig) onder die Wet op die Nasionale Omgewingsbestuur 107 van 1998 (NEMA) van die aansoeker, Karpowership SA (Edms.) Bpk se voorneme om aansoek te doen by die Departement van Omgewing, Bosbou en Visserye (DEFF) vir omgewingsmagtiging.

Daarbenewens word hiermee ingevolge die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur: Luggehalte 39 van 2004 (NEMAQA) kennis gegee dat Karpowership SA (Edms.) Bpk. ter selfde tyd by DEFF aansoek doen vir 'n Atmosferiese Emissie-lisensie (AEL).

Omvang- en omgewingsimpakverslagdoeningsprosedures word in hierdie aansoeke toegepas.

**Projekbesonderhede:** Die projek behels die opwekking van elektrisiteit uit 'n drywende mobiele kragtuig (Powership) wat in die hawe van Saldanhabaai vasgemeer word. Dit sluit drie skepe in wat tydens die projekleeftyd aanlê, die drywende stoor en hervergassings eenheid (FSRU) en twee elektrisiteits skepe (Powerships). Vloeibare aardgas sal elke 20 dae aan die FSRU voorsien word oor ‘n tydperk van ongeveer 2 dae. Die natuurlike gas word vanaf die FSRU na die Powership via ’n gaspypleiding, hoofsaaklik op die seebodem, gepomp. Die voorgestelde ontwerpkapasiteit van die Saldanha Powership is 415 MW, wat bestaan uit tien gasenjins. Vanaf die skip sal elektrisiteit via 'n 132kV transmissielyn oor 'n afstand van ongeveer 7,5 km na die Blouwater substasie ontruim word. Die beplande transmissielyn sal binne 100 meter binneland van die hoogwatermerk wees asook in/of binne 32 meter van 'n waterloop en sal moontlik die invul / verwydering van materiaal van 10 kubieke meter vanaf 'n waterloop behels.

**Ligging:** Die voorgestelde projek is geleë in die hawe van Saldanha en die Saldanha Industrial Development Zone (IDZ). Die (FSRU) en Powerships sal binne die hawe van Saldanha vasgemeer word. Die FSRU sal vasgemeer word langs die bestaande LPG MBM-fasiliteit in Big Bay. Krag vanaf die skip sal via 'n transmissielyn oor 'n afstand van ongeveer 7,5 km tot by die Blouwater-substasie ontruim word.

## OPENBARE DEELNAMEPROSES

**Registreer as 'n B & GP:** Belanghebbende en geaffekteerde partye (B & GP's) word uitgenooi om te registreer deur hul naam, kontakinligting en belangstelling in die projek in te dien deur die onderstaande kontakbesonderhede te gebruik. Registreer asseblief so gou as moontlik om deurlopend op die hoogte gehou te word en kennisgewing te ontvang van vergaderings wat gehou word en aanlyn platformskakels.

**Kommentaar op verslae**: As deel van die openbare deelnameproses word u uitgenooi om die Konsep Omvangbepalingsverslag, wat vir 'n periode van dertig dae beskikbaar is op die Triplo4 Sustainable Solutions webwerf www.triplo4.com, te hersien en kommentaar te lewer op 'n aanlynplatform van 06 Oktober tot 4 November 2020. Verseker asseblief u registrasie as 'n B & GP om meer inligting te ontvang.

Indien die omvangsverslag deur DEFF aanvaar word, sal die omgewingsimpakstudieverslag op 'n latere datum beskikbaar gestel word vir kommentaar.

***Dien asseblief alle kommentaar en versoeke vir registrasie en / of verdere inligting aangaande die Omvangbepalingsverslag, insluitend 'n afskrif van die AEL-aansoek, in by:***

**Mev. Hantie Plomp**
**Triplo4 Sustainable Solutions**
Posbus 6595, Zimbali, 4418
Tel | 032 946 3213
Fax | 032 946 0826
E-mail | pppsaldanha.triplo4@gmail.com

triplo4 sustainable solutions

**Datum: 22 September 2020**